

1 Maart

1 Korintiërs 16, (Teks: 16:13 en 14)

Hemelse beginsels vir 'n geïnspireerde aardse lewe

Paulus is in Hoofstuk 16 besig om die boeke van 1 Korintiërs toe te maak. Die apostel rond af maar nie sonder om saam te vat nie. Die magdom waarhede van sy lang brief gooi hy as't ware deur 'n tregter. Wat aan die anderkant uitkom is verse 13 en 14. 'n Vyftal kragwoorde as hemelse beginsels vir 'n vlogang aardse lewe. Soos kolskote wat 'n mens se geloofshart tref.

Wees waaksaam. Die oorspronklike woord beteken eintlik "lewendig wees." Die presiese woord word in die Nuwe Testament gebruik in die betekenis van geestelik wakker te wees. Paulus het geweet die Korintiërs is nie altyd geestelik noulettend nie (1 Kor. 11:21). Hulle het nie wakker geloop nie en het toegelaat dat baie van die heidense gewoontes hulle gemeenskap met God en met mekaar verwoes het. Is jy wakker sodat jy onmiddellik sal aanvoel as Satan jou in 'n geestelike koma wil insus? (Matt 24:42; 1 Pt. 5:8). **Staan vas in die geloof.** Neem met ander woorde sterk standpunt in. Moenie dat byna niks seker en absoluut is nie. Hou vas aan die korrekte interpretasie van die Bybel. Moenie menslike slimigheid en Goddelike wysheid met mekaar verwar nie (Ef. 4:14; Fil. 1:27). Jou Godsvertroue is penwortel diep in die genadegrond van God se waarheid. **Wees manmoedig.** Handel soos 'n grootmens, sê Paulus, met moed en dapperheid. Die moed van jou oortuiging (1 Kor. 14:20). Wees emosioneel stabiel en selfbeheersd. Smag jy werklik elke dag na suiwer geestelike melk sodat jy daardeur kan opgroei? (1 Pt. 2:2). **Wees sterk.** Hierdie woorde in die Nuwe Testament dui op innerlike geestelike spierkrag. Eintlik staan hier "word versterk" wat daarop dui dat ons onself nie kan sterk maak nie. Dit is voluit God se werk. Ons aandeel is gewoon om ons te onderwerp aan Hom wat ons sterk maak (2 Tim 2:1).

'n Geestelike sterkwees wat 'n werklikheid word deur opoffering, selfverloëning en geestelike dissipline. Onthou, jy is tot alles in staat deur Christus wat jou sterk maak. Laat alles by julle in liefde geskied. Die sentrale plek van die liefde kan Paulus nie oorbeklemtoon nie. Die allesoorheersende liefde wat jou lewe 'n lewensegtheid bied en alles komplimenteer en balanseer. Die liefde van God in jou wat verhoed dat jou vasstaan in die geloof koud en hard is; jou sterkwees dominerend is; jou mooi lewe eintlik trotse selfregverdiging is.

Dis die Godsbevel vir 'n geïnspireerde aardse lewe. Aan die teksbevel wil jy mos gehoorsaam wees. In Christus kan dit. Help my, Here, dat ek kan lewe.

Sing: Psalm 119:19,22

Ds. P.H. Heystek (Pretoria-Magalieskruin)